Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 11 Julie 1951 Prys 3d. Nr. 32

# NIE-PARTYPOLITIEKE ORGANISASIE GESTIG

**Groepkaptein A. G. (Sailor) Malan is eenparig tot nasionale voorsitter van die War Veterans-beweging verkies op 'n konferensie van van War Veterans-aksiekomitees wat verlede week in Johannesburg gehou is.**

**Die konferensie het besluit dat die beweging se naam die War Veterans Torch Commando sal wees.**

Die volgende hoofbeginsels is vir die grondwet van die beweging aanvaar:

„Die behoud van die letter en gees van die plegtige ooreenkomste wat by Uniewording aangegaan is en die beloftes wat hieroor sedert Uniewording gedoen is;

„Om die herroeping van maatreëls te bewerkstellig wat die verpligtinge verbreek het;

„Om die vryheid van die enkeling te beskerm wat aanbidding, taal en meningsuiting betref;

„Om die behoud van regsoewereiniteit te verkry;

„Om alle vorms van totalitarisme uit te roei, of dit Fascisties of Kommunisties is;

„En om rasseharmonie in die Unie te bevorder."

Alle oud-gediendes wat in die Geallieerde magte gedien het en almal ouer as negentien kan by die beweging aansluit.

### TEEN DIE REGERING

„Ons doel is om die Regering te verslaan, wat Fascisties in sy gees is, maar ons het ook 'n vredevolle doel: die opbou van 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk; ons het ons aan dié doel gewy", het groepkaptein Malan gesê toe hy die driedaagse konferensie afgesluit het.

Daar is besluit dat die beweging by geen bestaande organisasie sal aansluit nie. Wel sal alle organisasies wat teen die regering is, behalwe die Kommunistiese party, ondersteun word.

Johannesburg sal die beweging se hoofkwartier wees. As ondervoorsitters is gekies: lt.-genl. J. Mitchell-Baker, genl.-maj. Kenneth van der Spuy, gen.-maj. A. R. Selby, genl.-maj. K. Ray, brig. F. B. Adler, mnr. Dolf de la Rey en kol. F. A. Hewat.

Mnr. L. Kane-Berman is tot nasionale voorsitter verkies.

### GEEN KLEURGRENS

Volgens berigte wat in Engelse koerante verskyn het, sal die Torch Commando 'n organisasie sonder 'n kleurskeidslyn wees. Lidmaatskap van die organisasie sal verkry word op verdienste en nie op grond van kleur nie. Nie-blankes sal derhalwe lede van die organisasie kan word—mits plaaslike komitees hulle aanvaar. Blykbaar is die beginsel van gemengde lidmaatskap aanvaar, hoewel die toepassing daarvan in die hande van plaaslike komitees gelaat word.

Voorts word verklaar dat die Torch Commando geen politieke party is en nie stemme hoef te soek nie. Derhalwe kan hy dit bekostig om die volksgewete wakker te maak oor die kwessie van menseregte en hoef hy nie (soos die politieke party) steeds skerper kleurskeidings te bepleit ten einde die blanke kiesers-korps te wen nie.

## Oppas Vir Opgaring Van Petrol

Mnr. Eric Louw, minister van ekonomiese sake het verklaar dat bykomende petrolregulasies miskien nodig sal wees, behalwe dié wat in April uitgevaardig, is om petrolopgaring te voorkom; sulke maatreëls word egter nie nou al oorweeg nie.

Slegs die April-regulasies dat niemand, behalwe petrolverkopers, handelsverbruikers of boere, meer as twee gellings petrol in 'n afsonderlike houer mag hê nie, word nou toegepas.

'n Segsman van 'n oliemaatskappy het verklaar dat daar net soveel petrol soos gewoonlik in die Unie is; en 'n ander segsman het gesê dat sy maatskappy selfs oor meer as normale voorrade beskik. In ieder geval sal petrol uit die V.S.A. verkry word as omstandighede dit nodig maak.

# ALLES NOG NIE DUIDELIK OMTRENT „EENWORDING"

**Ten aansien van die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. het daar berigte in die betrokke partye se koerante verskyn wat vir my die nare gevoel gee dat alles nie pluis is nie. Oënskynlik het dr. Malan en mnr. Havenga besef wat die uitwerking van hierdie koerantberigte sal wees want hulle het, kort op die hakke van die berigte, 'n gesamentlike verklaring oor die saak uitgereik. Hulle verklaring is ongelukkig nie afdoende nie.**

Met betrekking tot die onderhandelings tussen die partye is reeds, voordat die leiers se verklaring uitgereik is, in die H.N.P.-koerante berig dat dr. Malan en mnr. Havenga samesprekings gevoer het oor die samesmelting van hul partye.

Volgens die koerantberigte sal die tweede stap teen die end van Julie of aan die begin van Augustus gedoen word wanneer die Federale Raad van die H.N.P. en die hoofbestuur van die Afrikanerparty die samesmelting van die partye sal oorweeg.

Daar is egter 'n baie groot verskil in die status van hierdie twee liggame. Die A.P., wat 'n uniale party is, se hoofbestuur is 'n liggaam met seggenskap want hy „verteenwoordig die kongres wanneer dit nie in sitting is nie," en hy „mag handelend optree in sake van dringende belang." **Daarteenoor beklemtoon die H.N.P.-koerante, in hul berigte dat die party se federale raad 'n liggaam is wat „geen seggenskap" het nie, want die hele seggenskap berus by elke provinsiale party.**

### KONGRESREëLING

Volgens die koerantberigte sal die tweede stap ten aansien van samesmelting dus gedoen word deur 'n A.P.-liggaam met seggenskap en deur 'n H.N.P.-liggaam sonder seggenskap.

Die derde en finale stap, aldus die koerantberigte, sal gedoen word deur die uniale kongres van die A.P. en deur die

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR WAARNEMER**

verskillende provinsiale kongresse van die H.N.P. Daar is aangekondig dat die A.P. se kongres gehou sal word in Augustus, terwyl die provinsiale kongresse van die H.N.P. in September en Oktober sal plaasvind.

**Dit beteken dat die Afrikanerparty die hele kwessie van die samesmelting met die H.N.P. moet afhandel vóórdat enige H.N.P.-liggaam wat seggenskap het 'n besluit oor die saak geneem het.**

Dr. Malan en mnr. Havenga het wel in hul gesamentlike verklaring te kenne gegee dat hulle twee met mekaar onderhandel het en dat hulle by hulle onderskeie partye gaan aanbeveel dat samesmelting nog hierdie jaar moet geskied. Maar wat beteken dit? Die provinsiale Herenigde Nasionale Partye is volkome onafhanklike partye wat die hele seggenskap het en derhalwe moes die A.P. in 1948 en in 1949 oor die kwessie van seteltoekenning by die verkiesings afsonderlik met elke provinsiale party onderhandel. **En die A.P. was verplig om dit te doen ten spyte van die onderhandelings wat dr. Malan en mnr. Havenga oor die saak gevoer het!** Hoe kan die A.P. dan nou oor so 'n belangrike saak soos eenwording met die H.N.P. gaan besluit sonder dat hy vooraf met die outonome bondgenootpartye onderhandel het?

### NIE DUIDELIK

Voorts is dit opmerklik dat die H.N.P.-koerante altyddeur van die „eenwording" van die partye praat. Dit is egter nie heeltemal duidelik wat onder „eenwording" verstaan moet word nie. Die enigste aanduiding is geleë in 'n verwysing na die Nasionale Party van Suidwes-Afrika. Die H.N.P.-koerant verklaar dat die Nasionale Party van Suidwes nie regstreeks betrokke is nie „omdat eenwording van die twee partye in Suidwes reeds tevore bewerkstellig is." Die „eenwording" wat in Suidwes plaasgevind het, is bewerkstellig deurdat die Afrikanerparty van Suidwes ontbind het nadat hy sy lede versoek het om by die N.P. van Suidwes aan te sluit.

Indien die H.N.P. verwag dat die eenwording met die A.P. in die Unie op dieselfde wyse bewerkstellig moet word, dan lyk dit asof die twee partye op hierdie punt van mekaar verskil. Want in Die Vaderland het die voorsitter van die A.P., mnr. Harm Oost, uitdruklik aangekondig dat die kongres van die Afrikanerparty gehou sal word „om die wenslikheid te oorweeg vir die stigting van 'n nuwe party ná 'n ooreenkoms met die H.N.P. getref is." **Hierdie verklaring van die A.P.-voorsitter stel duidelik in vooruitsig die ontbinding van sowel die H.N.P. as die A.P., waarna eenwording in 'n nuwe party sal geskied.**

### VERKLARING

Ten aansien van hierdie saak bring die verklaring van die partyleiers ook geen oplossing nie, want hulle gee toe dat hulle nog nie finaliteit bereik het oor die prosedure van „eenwording" nie. Trouens, hulle sê niks oor nuwe partystigting nie. Hulle praat slegs van 'n naamsverandering. Dat hulle nog oor die saak onderhandel blyk uit die onderneming dat hulle „vóór die vergadering van die partykongresse sal besluit op die prosedure wat by die kongresse aanbeveel sal word om die nodige stappe tot eenwording te bewerkstellig."

Die kwessie van prosedure is nogal belangrik. Want as die A.P. eenvoudig gaan ontbind en sy lede gaan vra om by die H.N.P. wat sy naam na Nasionale Party gaan verander, aan te sluit, dan verval die noodsaaklikheid van onderhandeling tussen die partye en word sulke netelige sakies soos die diskriminasie van die H.N.P. teen die O.B.-lede van die A.P.; die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers in die volksraad; en die reg van nie-blankes om in die Kaaplandse provinsiale raad sitting te neem, eenvoudig vermy.

Derhalwe dink ek, dat dit beslis in belang van die eenwording of die samesmelting van die partye is dat die verwarring wat deur die berigte in die party-koerante geskep is — en wat ongelukkig nie deur die verklaring van die leiers verwyder is nie — vroegtydig opgeklaar moet word.

# Britte Meer As Tevrede Met Erasmus Se Aanbiedinge

**Mnr. F. C. Erasmus, minister van verdediging, het in Londen verklaar dat hy tevrede is met die samesprekings wat op die verdedigingskonferensie van die Britse Statebond plaasgevind het. Die minister het Suid-Afrika op die konferensie verteenwoordig. Hy het aangekondig dat hy aansienlike verpligtinge in verband met die verdediging van die Midde-Ooste aangegaan het.**

**„Ons ondernemings in die verdediging van die Midde-Ooste is groot en in ooreenstemming met ons nywerheidsbronne en ons mannekrag," het mnr. Erasmus gesê.**

„Ons sal in staat wees om te verbeter op die aansienlike bydraes wat die Unie gedurende die laaste oorlog kon maak toe Suid-Afrika bekend was as die alternatiewe werkplaas van die Midde-Ooste," het hy geantwoord toe hy gevra is of daar enige planne bestaan om ander kragte in Suid-Afrika as net militêre in 'n algemene plan te mobiliseer.

### MOET GEHEIM BLY

Mnr. Erasmus het verklaar dat dit nie in die belang van die gemeenskap is om in hierdie stadium die aard van die Unie se ondernemings in die verdediging van die Midde-Ooste openbaar te maak nie.

Britse bronne het na afloop van die konferensie verklaar dat die Britse regering meer as tevrede is met die bydraes wat die Unie-regering aangebied het vir die verdediging van die Midde-Ooste, en daar word verstaan dat hierdie bydraes in omvang en sterkte meer is as wat die ander lande van die Statebond in staat is om aan te bied.

In die jongste uitgawe van adv. Pirow se Nuusbrief lui dit:

### INGESLEEP

„Elke keer as die Minister van Verdediging een van daardie oorsese reise onderneem wat hy in die Smeltersdae so afgekeur het, dan hou ons asem op. Want elke keer as hy terug kom Unie toe om sy republikeinse praatjies op stryd-dae te hervat, het hy die Unie weer 'n end dieper in die Ryksverdedigingstelsel laat insleep. Die hele spelery met 'n Suid-Afrikaanse vloot wat tog maar deel sal uitmaak van die Royal Navy, val onder hierdie beginsel. Op hulle selwe is hierdie kaskenades nie baie gevaarlik nie. Hulle kry egter 'n heeltemal ander betekenis as die Unie hom bind om Brittanje op een of ander bepaalde oorlogsterrein te help, te meer as daardie plek in Asië geleë is. Waar dus alle Regeringsprekers beweer dat Suid-Afrika se strategiese grense in die Midde-Ooste geleë is, verplig die Kabinet hom tot imperiale handlangerdienste wat selfs generaal Smuts nie in die openbaar durf aanvaar het nie.

„Nou sal die H.N.P. onmiddellik antwoord: Ja, maar dit sal alles met vrywilligers gebeur. Watter hemeltergende sotterny! Het generaal Smuts ooit gekommandeer? Seer seker nie. Maar was dit werklik vrywilligers wat in Noord-Afrika en Italië gaan veg het? As die Regering oorloog van die begeerte om die Empaaier te help kan hulle dit op gesonde grondslag in Afrika suid van die Sahara doen. Op die oomblik is hulle besig om diep waters in te stap, baie dieper as wat hulle besef en baie dieper as wat die Volk gereed is om te aanvaar."

## Begin Van Werkloosheid

Amerikaanse motorvervaardigers het aangekondig dat duisende werkers ontslaan sal moet word na ernstige nuwe staatsinkortings in burgerlike motorproduksie, wat op 1 Julie van krag geword het. Die Chrysler, Nash-, Studebaker- en Fordmotormaatskappye het aangekondig dat hulle moontlik verplig sal wees om ongeveer 80,000 werkers te ontslaan.

DIE O.B., WOENSDAG, 11 JULIE 1951

# MEESTER MOET LEERLING WORD

'n Nie-partypolitieke en opposisiegesinde aksiebeweging is verlede week in Johannesburg gestig. Verteenwoordigers van die War Veterans se aksiekomitees het op 'n konferensie besluit om die komitees uit te bou tot 'n landswye beweging wat die naam War Veterans Torch Commando sal dra.

'n Paar weke gelede het die koerante van die Herenigde Nasionale Party 'n hele propaganda-veldtog geloods om die Verenigde Party aan te hits om oorlog te verklaar teen hierdie selfde War Veterans. In hul ywer om vyandskap te stook tussen die Verenigde Party en die War Veterans-beweging wat in die opposisiegeledere opgespring het, het die koerantpropagandiste vryelik verwys na die stryd wat die H.N.P. in 1941 teen die Ossewabrandwag aangeknoop het.

## STEMVEE BREEK KRAAL

**Hulle het die V.P. gevra om tog die dure lesse wat die H.N.P. in 1941 geleer het ter harte te neem. In die voorafgaande jare het die nie-partypolitieke aksie-beweging, die Ossewabrandwag, ontstaan, en duisende Afrikaners wat bestem was om gedienstige stemvee van die H.N.P. te wees, het by die nuwe beweging aangesluit, meer bepaald, as gevolg van 'n gevoel van frustrasie met die politieke party en sy politici se rekord van mislukkings. Gevolglik het die H.N.P.-leier destyds gevoel dat die wet van selfbehoud hom dwing om 'n totale oorlog teen die Ossewabrandwag te verklaar.**

Voortgaande het die H.N.P.-propagandiste aan die V.P. gevra of hy dan nie kan insien dat die War Veterans ook 'n nie-partypolitieke aksiebeweging is wat deur die Engelssprekende volgelinge van die V.P. ondersteun gaan word nie. En dat hierdie mense juis die War Veterans gaan ondersteun as gevolg van 'n sluimerende gevoel van frustasie oor hul politieke party en sy politici se rekord van mislukkings.

## MEDEDINGER OP SY WERF

Hulle het verduidelik dat die War Veterans nuwe leiers na vore sal stoot, wat mededingers van die V.P.-leiers sal word; dat die Veterans geld sal insamel wat andersins die V.P. sou toegeval het; en dat hulle nog allerhande dinge sal doen wat tot nadeel van die V.P. as sodanig sal strek.

Daarom het hulle die V.P. aangeraai om oorlog te verklaar teen die mededinger op sy werf, net soos die H.N.P. indertyd met die Ossewabrandwag gedoen het.

**Die O.B. het reeds daarop gewys dat die argumente wat die H.N.P.-propagandiste gebruik het om die V.P. tot stryd teen die War Veterans oor te haal, die ware oorsake van die H.N.P. se stryd teen die O.B. openbaar. Die tyd het egter nou aangebreek om 'n paar aanvullende opmerkings oor die hele aangeleentheid te maak.**

Dit lyk asof die H.N.P.-propagandiste se argumente om die V.P. tot stryd teen die War Veterans oor te haal gladnie ingang gevind het nie. Inteendeel dit lyk asof die hele strydpleidooi op dowe ore geval het.

## AANVULLENDE KRAG IN STRYD

Die War Veterans-beweging wat voorheen slegs uit tydelike aksiekomitees bestaan het, het skynbaar nou uitgedy tot 'n permanente organisasie met sy eie leiers en sy eie program.

Hy gaan in die toekoms as 'n volbloed nie-partypolitieke aksiebeweging optree. En hy gaan bowendien heeltemal selfstandig optree. Hy gaan nie die aksiefront van die Verenigde Party wees nie: hy gaan die aksiefront van al die opposisiegesindes wees. En hoewel hy nie onder die plak van die Verenigde Party gaan staan nie, beweer die V.P.-leier tog nie dat hy 'n gevaarlike „skakel met dr. Malan" geword het wat uitgeroei moet word nie. Hoegenaamd nie. **Die Verenigde Party en sy pers aanvaar hom blykbaar as 'n aanvullende krag in die opposisiestryd, met wie vanselfsprekend vriendskaplike betrekkinge gehandhaaf moet word.**

In ieder geval die V.P.-leier het nog nie so belaglik geword om te beweer dat die War Veterans nou 'n gevaar vir die opposisiegesindes geword het — net omdat hy nie 'n onderdeel van die V.P. is nie. **Oënskynlik word dit in opposisiekringe besef dat die War Veterans juis 'n aanvullende krag is omdat hy nie 'n onderdeel van die V.P. is nie, maar wel 'n nuwe mag verteenwoordig wat selfstandig optree.**

## O.B. MOET HERAANVAAR WORD

Elke mens kan van 'n ander iets leer. Dit lyk amper asof die H.N.P. ook van die V.P. iets kan leer. Blykbaar moet meester en leerling omgeruil word. **Dit is nie die H.N.P. wat vir die V.P. kan leer hoe om met die War Veterans te werk nie, maar dit is ongetwyfeld die V.P. wat vir die H.N.P. kan leer hoe om met die Ossewabrandwag te werk!**

Die opposisiegesindes het nou die War Veterans Torch Commando gestig as hul nie-partypolitieke aksiebeweging, en hy word deur die V.P. aanvaar as 'n aanvullende krag in die opposisiestryd.

**Die nasionaalgesindes het reeds 'n dertien jaar gelede die Ossewabrandwag gestig as hul nie-politieke aksiebeweging. Die Ossewabrandwag word egter nie deur die H.N.P. as 'n aanvullende krag in 'n gemeenskaplike stryd aanvaar nie, maar hy word as 'n vyand uit die stryd geskakel.**

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kolom.)

**Het die tyd nie opnuut aangebreek dat die regeringsparty die O.B. moet heraanvaar as 'n aanvullende krag in die stryd van die Afrikanervolk nie? Die samesmelting wat eersdaags tussen die H.N.P. en die A.P. gaan plaasvind, bied 'n gulde geleentheid om dit te doen.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Vrymesselary in Vrystaatse Republiek*

Een van my lesers uit Johannesburg skryf soos volg: „Ek het nog nooit in my lewe aan 'n geheime organisasie behoort nie, hoewel ek al verskeie kere uitgenooi was om aan te sluit. Jare gelede het vriende my probeer oorreed om 'n vrymesselaar te word. Ek het geweier. Ek het eers baie lus gehad om aan te sluit, maar uiteindelik het ek gevra dat hulle my liewer nie moet voorstel as lid nie. Ek kan maar nie vergeet dat die spreekwoord sê: donkerwerk is konkelwerk nie.

„Is 'n geheime organisasie nodig om 'n volk se belange te bevorder? Ek dink nie so nie. Ek dink enige volk kan alles verkry waarna hy streef deur middel van organisasies wat in die daglig optree.

„Nog iets. Ek hoor dat president Jan Brand 'n vrymesselaar was. Ek verneem selfs dat hy die stigter van die vrymesselary in die Vrystaatse republiek was. Weet u miskien of dit waar is? Terwyl ek nou die saak aangeroer het wil ek sommer vra of daar vrymesselaars in die huidige kabinet is? Indien wel, wie is hulle?"

### *Hoorsê Getuienis oor die Bokryers*

Ek wil rondborstig erken dat my geagte leser 'n netelige saak aangeroer het.

Eerstens, hou lede van 'n geheime organisasie glad nie daarvan dat hul organisasie in die openbaar bespreek moet word nie.

Tweedens, kan nie-lede van 'n geheime organisasie beswaarlik met gesag oor die bepaalde organisasie praat omdat hulle uit die aard van die saak nie volledig kennis kan dra van die geheime doelstellings en werksaamhede daarvan nie.

Derdens, is niemand veronderstel om te weet wie die lede van 'n geheime organisasie is nie. Dit is gewoonlik een van die geheime.

Nie-lede van 'n geheime organisasie is derhalwe aangewese op hoor-sê getuienis vir hul kennis van die organisasie. Gewoonlik bestaan daar vooroordeel teen 'n geheime organisasie en dit is daarom verstaanbaar dat die hoor-sê getuienis omtrent sodanige organisasie sterk gekleur sal wees deur die vooroordele van die bepaalde getuie.

Die vrymesselary is beslis nie die uitsondering op hierdie reël nie. Dit ontbreek hoegenaamd nie aan getuies wat bereid is om oor te vertel wat hulle gehoor het van die „bokryers" nie.

Net soos my leser is ek ook nie 'n lid van 'n geheime organisasie nie. Ek is derhalwe een van daardie nie-lede wat op hoor-sê getuienis aangewese is vir my kennis van sodanige organisasies. Nadat ek dit gesê het sal ek probeer om my leser se vrae te beantwoord.

### *Geheime Organisasies is Onderduims*

My leser wil weet of 'n geheime organisasie nodig is om 'n volk se belange te bevorder. Ek sou sê dat die omstandighede wat op 'n bepaalde tydstip mag heers hoofsaaklik die nodigheid of die onnodigheid van 'n geheime organisasie sal bepaal. Ek weet van minstens een volk — die Jode — wat, myns insiens baie vyande gemaak het omdat hulle, ten regte of ten onregte, vereenselwig word met die geheime vrymesselary.

Dit is bekend dat elke groot moondheid 'n geheime diens in stand hou en dat dit 'n baie vername vertakking is van die betrokke moondheid se militêre inrigting. Die geheime diens se bedrywighede is gewoonlik toegespits teen 'n vreemde moondheid wat beskou word as 'n potensiële vyand. Dit is noodsaaklik dat die diens geheim moet wees want sy bedrywighede is oorlogvoering teen die moondheid met wie sy staatsowerheid in die openbaar nog vriendskaplike betrekkinge handhaaf. Die geheime dienste van bv. Amerika en Rusland voer lankal teen mekaar oorlog, terwyl die Amerikaanse en Russiese staatsowerhede in die openbaar nog vriendskaplike betrekkinge handhaaf. Die oorlog wat die geheime dienste tans voer sal eers later in die openbaar verklaar word.

Omdat die werkmetode van die verskillende moondhede se geheime dienste redelik goed bekend is, is meeste mense geneig om te dink dat die werksaamhede van alle geheime organisasies ooreenkomstig hierdie metode is. Hulle glo derhalwe dat geheime organisasies „onderduims" is, omdat hulle in die geheim oorlog maak en in die openbaar vrede veins.

### *Jode en die Vrymesselary*

Laat ons nou 'n populêre opvatting oor die vrymesselaars van nader bekyk: Daar is seker duisende mense in ons land en in ander lande van die wêreld wat glo, dat terwyl die Jode in die openbaar vriendelik is teenoor Christene, hulle in die geheim, deur middel van die vrymesselary, oorlog voer teen alle Christene.

Heeltemal afgesien van sy doelstellings en bedrywighede (wat ek nie ken nie) is ek oortuig daarvan dat die blote bestaan van die vrymesselary, in die afgelope dekade, meer as enige ander enkele faktor bygedra het, tot die slegte verhoudings wat in groot dele van die wêreld tussen Jode en Christene geheers het. Die Jode kan maar gerus die propaganda van anti-Joodse bewegings nagaan of dophou. Dan sal hulle uitvind dat die vrymesselary en die sinistere bedrywighede waarvan vrymesselaars beskuldig word, die vernaamste enkele middel is waarmee haat teen Jode opgewek word.

### *Die Drie Afskortings*

Dit word vertel dat die Vrymesselary, net soos die oorspronklike Joodse tempel, drie afskortings het. Ooreenkomstig hierdie afskortings word die vrymesselary piramidies opgebou. Die basis van die piramiede word saamgestel uit die drie laagste grade — die eerste graad of die leerlinge; die tweede graad of die metgeselle; en die derde graad of die meesters en die grootmeesters. Die vrymesselaars wat aan hierdie grade behoort verteenwoordig die massa-ledetal van die beweging; hulle verskaf die fondse van die beweging; en hulle dien ook as die min of meer openbare gewel waaragter die eintlike bedrywighede van die Vrymesselary voortgesit word.

Sodra 'n vrymesselaar die derde graad bereik het kan hy in aanmerking kom vir bevording na die vierde tot die drie-en-dertigste graad, wat die middel van die piramiede uitmaak. Hierdie grade is almal funksionele grade en die betrokke lede word almal aangewys om een of ander bepaalde funksie te vervul. Die funksie word glo aangedui deur 'n simbool wat op die voorskootjie aangebring word wat die betrokke lid dra. Ek ken ongelukkig nie die simbole nie. Die funksies sluit, onder meer in, bedrywighede ten aansien van koerantpropaganda, bankwese, handel, nywerheid, sedes, politiek, ens.

Christene kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van die eerste tot die drie-en-dertigste grade. Maar die drie-en-dertigste graad is die hoogste sport wat 'n Christen (of 'n nie-Jood) op die vrymesselaarsleer kan bestyg.

### *Die Broers van die Besnydenis*

Bo-op die drie-en-dertigste graad troon die punt van die piramiede wat slegs vir Jode gereserveer is. Dit beteken dat die leierskap of die oppergesag van die vrymesselary uitsluitlik in die hande van die B'Nai Brith of die Broers van die Besnydenis is. Ek verstaan dat die oppergesag op sy beurt weer in 'n heel klein uitvoerende raad saamkrimp maar ek beskik ongelukkig nie oor die besonderhede nie.

Dit is die vermoede dat die Jode die vrymesselaarsbeweging gebruik om Joodse mag oor die wêreld te verbrei en om die onderhorigheid van die Christene te bewerk wat verantwoordelik is vir anti-Joodse gevoelens by baie mense. Mense wat niks van die vrymesselary weet nie en wat die getuienis hoor wat ek ook gehoor het, en hier neergeskryf het, mag toegelaat word om te vra: As die vrymesselary onskuldige doelstellings het, waarom werk hy dan in die donker?

### *Jan Brand se pa was Stigter*

Die enigste gegewens waaroor ek beskik in verband met wyle president Jan Brand en die vrymesselary is 'n uittreksel uit die Bloemfonteinse koerant, The Friend, van 21 Oktober 1864. Dit lui: „Sedert die aankoms van die adjunk grootmeester van die Nederlandse Losie in Suid-Afrika, mnr. C. J. Brand (vader van president Brand) het 'n groot bedrywigheid in verband met die vrymesselary hier ontstaan. Verskeie vergaderings is reeds gehou en dit word beweer dat 'n stuk of twaalf nuwe lede reeds ingelyf is in al die geheime van die vrymesselaarsgilde — ‚sonder geld en sonder prys.' Al ons amptenare, of byna almal, van die hoogste tot die laagste, het aangesluit en die jongste vergadering is gehou in die Volksraadsaal. Vrymesselary is derhalwe op pad om 'n staatsof regeringsinstelling te word. Die losie gaan glo die ‚Unie' genoem word." Tot sover die Friend van sewe-en-tagtig jaar gelede.

Hieruit blyk dit duidelik dat president Brand nie die stigter van die vrymesselary in die Vrystaat was nie. My leser se segsman verwar blykbaar vader en seun. As 'n mens aanneem dat die „hoogste" staats-

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# SABRA WAARSKU TEEN BRITSE AFRIKA-BELEID

**Na aanleiding van die konstitusionele verwikkelings in die Goudkus het die bestuur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (S.A.B.R.A.) 'n verklaring uitgereik waarin dit lui dat Brittanje, noudat hy Indië verloor het, Afrika as 'n moontlike tweede Indië beskou, en blykbaar bereid is om die blanke bevolking in Afrika op te offer as prys vir samewerking met die inboorlingvolkere. Die verklaring lui:**

### WIT EN SWART GEBIEDE

1. Die skyn wenslik te wees om t.o.v. ontwikkelinge in sodanige gebiede in Afrika 'n duidelike onderskeid te maak tussen dié wat as uitsluitlike inboorlinggebiede beskou moet word, en dié waarin blankes reeds gevestigde regte verkry het en as permanente inwoners beskou moet word.

2. Onder eersgenoemde groep val die Goudkus, Nigerië, Uganda, ens; onder laasgenoemde Kenia, Tanganjika, Njassaland en die twee Rhodesiës.

**3. Wat eersgenoemde groep gebiede betref, behoort die standpunt ingeneem te word dat konstitusionele ontwikkelinge daarin nie gekeer sal kan word nie en dat in beginsel niks in te bring is teen die verlening van groter selfbestuursbevoegdhede aan die inboorlingvolkere daarin woonagtig nie.**

### PARLEMENTêRE DEMOKRASIE

4. Dit kom egter twyfelagtig voor of:

(a) Die inboorlingvolkere van hierdie gebiede reeds sover ontwikkel het dat volle selfstandigheid aan hulle toegeken kan word.

**(b) Die demokratiese bestuursvorm, gegrond op die individuele stemreg, die geskikste vorm is waarin die selfstandigheid van hierdie volkere gegiet moet word—veral ook as in gedagte gehou word dat die demokrasie soos ons dit ken, met die daarmee gepaardgaande parlementêre instellinge, in hoofsaak nog net deur die angelsaksiese volkere suksesvol toegepas is.**

(c) Dit gesonde staatsbeleid is om die klem te laat val op politieke ontwikkelinge i.p.v. ekonomiese, maatskaplike en kulturele opheffing en uitbouing.

### NADELING VIR S.A.

5. Die ontwikkelinge in die Goudkus en elders raak Suid-Afrika veral in drie opsigte:

(a) Ons eie inboorlingbevolking kan, op grond van die ontwikkelinge in hierdie gebiede, die gedagte begin koester dat ook hulle ryp is vir die toekenning van demokratiese regte in die Suid-Afrikaanse staat, en dat weerhouding daarvan slegs bewys van onderdrukking is. Sou 'n beleid van aparte ontwikkeling deurgevoer word, kan die presedent in die Goudkus daartoe lei dat ons naturellebevolking selfbestuursbevoegdhede eis voordat hulle daarvoor ryp is, en in 'n vorm wat waarskynlik nie vir hulle die geskikste sal wees nie.

**(b) Die verlening van dominiale status aan hierdie gebiede sal tot gevolg hê dat die karakter van die Statebond mettertyd feitlik geheel en al sal verander en dat die posisie van Suid-Afrika daarin steeds moeiliker sal word.**

(c) Die toevoeging van hierdie state tot die volkere van die wêreld sal daartoe lei dat 'n steeds groter aantal volke die voorbeeld van Indië sal volg en hulle die reg aanmatig om in die huishoudelike vraagstukke van die Unie in te meng. Op hierdie wyse sal al groter ontevredenheid onder ons eie naturellebevolking geskep word.

### BRITSE BELEID

**6. Die indruk word derhalwe gewek dat Brittanje, nou dat hy Indië verloor het, Afrika as 'n moontlike tweede Indië beskou, en blykbaar bereid is om die blanke bevolking in Afrika op te offer as prys vir samewerking met die inboorlingvolkere.**

7. Wat betref die tweede groep gebiede, nl. dié waarin daar 'n gevestigde blanke bevolking is, behoort die standpunt so toegepas moet word dat 'n bepaalde gebied vir die blankes afgesonder word waarin hulle die reg sal verkry om hul eie konstitusionele ontwikkeling te bepaal en aansluiting te soek by die gebiede wat hulle self mag verkies.

# MEER MANS AS VROUE STERF OP PAAIE

**Volgens die jongste syfers blyk dit dat daar verlede jaar meer as vyf keer soveel manlike persone as vroulike persone in padongelukke omgekom het. Die werklike syfers is onderskeidelik 799 en 153. Benewens dit is daar uit 'n totaal van 3,253 slegs tien vroulike persone ernstig beseer vir elke 37 manlike persone. Vir die 13,292 geringe beserings is die verhouding 1 tot 3.5.**

Dit sal 'n taamlike mate van studie vereis om vas te stel waarom so baie verkeersongevalle onder manspersone voorkom in vergelyking met die aantal ongevalle onder vroue-persone.

Daar is wel meer mans as vroue wat motors bestuur, maar eintlik is dit voetgangers wat die grootste enkele ongevalle-groep vorm. Daar is ewe-veel geleentheid vir mans en vroue om ganslopery te beoefen.

### BRAVADE

Lede van die publiek het al dikwels beweer dat die gees van roekeloosheid en bravade, asook die gebrek aan respek vir die regte van ander, wat so dikwels tragiese gevolge het, minder sterk by die vroulike geslag op die voorgrond tree. Andersyds is dit egter beweer dat mans geneig is om vrouemotoriste te kritiseer vir gebrek aan meganiese bedrewenheid en ondervinding, terwyl vroue op hulle beurt aanvoer dat werklike gevaarlike optrede 'n tipiese swakheid van die man is.

Statistiese navorsing wat so pas in Brittanje voltooi is, toon onder andere dat die verkeersongevallesyfer konsekwent hoër is onder seuns as onder meisies, selfs waar dieselfde skool deur eweveel seuns en dogters bygewoon word.

## Van Die Os Op Die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

amptenaar waarvan die berig meld op die president dui, dan kan afgelei word dat Jan Brand wel 'n vrymesselaar was.

### *Bespiegeling oor die Onbekende*

Ek weet ongelukkig nie hoeveel ministers in die huidige kabinet vrymesselaars is nie. Ek het slegs maar gerugte in hierdie verband gehoor en ek is nie bereid om name te noem net op gesag van gerugte nie.

Die hele aangeleentheid van geheime organisasies is ongetwyfeld netelig, maar nietemin baie interessant, juis omdat dit die moontlikhede van bespiegeling oor die onbekende oopsluit. My leser uit Johannesburg wat die saak aangeroer het, het sy standpunt kortliks gestel. Ek het, soos gewoonlik, my paar stuiwers in die armbeurs gegooi. Wat dink my lesers?

## *Volkome Onafhanklikheid*

**Die Indiese Sosialistiese Party het 'n verkiesingsmanifes uitgereik waarin hy onderneem om Indië se lidmaatskap van die Britse Statebond te beëindig indien hy in die eerskomende algemene verkiesing gekies word om die land te regeer.** Hy gaan dit doen ten einde die „plegtige belofte van volkome onafhanklikheid" gestand te doen. Die sosialistiese party is op die oomblik die tweede sterkste party in Indië.

## „ROOK OORSAAK VAN KANKER"

'n Britse geneesheer, dr. W. Doll, rook nie meer nie nadat hy begin ondersoek instel het na longkanker. Sy gevolgtrekking is dat rook, veral sigarette, oorsaak van longkanker kan wees. Die siekte neem vinnig toe, veral onder mans. In 1949 het daar in Engeland 3,720 mans en 807 vroue daaraan gesterf teenoor 2,121 mans en 694 vroue in 1940.

Die Britse minister van gesondheid het 'n ondersoek gelas na die verband tussen rook en kanker omdat hy besorgd is oor die bevindings van Amerikaanse en Britse navorsers op hierdie gebied.

## *Richter Beloof Proefneming*

Nadat die buitelandse pers berig het dat dr. Ronald Richter, die Duitse atoomdeskundige in Argentinië, deur sy regering in hegtenis geneem is — blykbaar om daarmee te kenne te gee dat sy aanspraak vals was — het Sapa-Reuter verlede week berig dat dr. Richter — nog steeds op vrye voet — in 'n onderhoud verklaar het dat hy binne ses of agt maande 'n buitengewone proefneming sal doen. Hy het ook sy vorige aanspraak dat elektriese krag in Argentinië binnekort deur atoomkrag verwek sal word, herhaal.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**SANTAM SAL DIT VERGOED**




**SANTAM**
Hoofkantoor:
**Waalstraat 28, Kaapstad.**
**Takke en Agentskappe Oral.**
**Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.**
2
Geregistreerde Deposito-Nemende Instelling

**ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.**

**WONDERLAND VIR REISIGERS**



Ons het ook gesweef soos hy nou besig is om te doen; in ons verbeelding in die lugruim opgestyg, met die wolke en die berge daar ver benede, en die helderblou lug daarbo. Het ons nie ook deur die wonderland van reise per spoor, met die pad en deur die lug gedwaal toe ons wêreld jonger en ons drome vir ons realisties was nie? Vandag bereis ons 'n wêreld wat ons werklikheid geword het. Ons het bekend geraak met die wonderland. Maar die groot vervoerstelsel wat ons ons nou as vanselfsprekend aanvaar, is nog steeds 'n wonder . . . en dit behoort aan ons.



**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË LUGDIENS PADMOTORDIENSTE**
W3K

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### HUWELIK

LANDMAN—BIELDT.—Ons, mnr. en mev. L. Bieldt van Wolseley, maak hiermee bekend dat ons jongste dogter, Helena (Dottie), met Niekie, tweede oudste seun van mnr. en mev. N. Landman van George, in die huwelik tree op 14 Julie te George. Telegramme: Landman, Urbans-geboue, George. 11/7/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur.** Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

## Ons Stem Saam

**„Voordat die O.B. daar was het hy 'n behoefte gevoel aan 'n volksorganisasie buite die politieke party, of liewer as 'n aanvulling daarvan, wat die Afrikaner kan beskerm teen die georganiseerde vyand en sy magte."**

**Wie het hierdie verstandige woorde uitgespreek? Dit is dr. D. F. Malan.**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van....................*

*..............................vir die eerste..........................maande.*

*NAAM*.................................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# MAATSKAPLIKE WELSYN MOET BEPLAN WORD

**Die daarstelling van 'n sentrale welsynsraad om die minister van volkswelsyn van advies te bedien met betrekking tot 'n navorsingsprogram, as die eerste stap in die beplanning van 'n welsynsbeleid vir Suid-Afrika is deur prof. G. Cronje op die jaarvergadering van die Akademie vir Wetenskap en Kuns in Bloemfontein voorgestel.**

Die bevordering van die maatskaplike welsyn kan alleen met welslae geskied as dit behoorlik beplan word.

Navorsing moet die grondslag van alle beplanning wees, het hy gesê en voorgestel dat daar binne die Departement van Volkswelsyn 'n selfstandige navorsingafdeling in die lewe geroep behoort te word wat verantwoordelik moet wees vir die uitvoering van die navorsingsprogram van die welsynsraad.

Hy het voorts aangevoer dat naas die sentrale welsynsraad behoort daar ook 'n sentrale onderwys-, 'n kultuur-, 'n gesondheids-, 'n ekonomiese en 'n landbouraad tot stand te kom—almal met navorsing, beleidsbepaling en voorligting as funksie. Die werk van hierdie rade behoort deur 'n nasionale beplanningsraad gekoördineer te word.

## Wil 'n Bond Hê I.p.v. 'n Party

**„Karmel", Bloemfontein, pleit in die meningskolomme van Die Volksblad dat die op hande synde „eenheid" van die Afrikanervolk tog nie weer op partyskap moet afloop nie. Hy skryf:**

Daar is tekens wat Afrikanerharte met vreugde vul vanweë die vooruitsig dat die verbrokkelde krag van ons volk weer byeengebring sal word. Daardie woordjies „eenwording" en „eenheidsgevoel" besiel elke Afrikanerhart, en wat 'n vreugde sal dit nie wees om die ou Republikeinse leuse van „Eendrag maak Mag" uit te lewe nie. In hierdie stadium van wêreldberoeringe en -ontwikkelinge is dit dringend noodsaaklik dat die Boerenasie verenig sal wees soos nog nooit in sy hele bestaan nie.

### VERMY OU PARTYNAME

Ek wil my geensins bemoei met partysake en met die planne van ons leiers nie, maar egter iets aan die hand gee, en ek verstout my om te sê dat dit tienduisende Afrikaners se goedkeuring sal geniet, veral dié duisende wat weens die politieke stryd en twis van die verlede nie aan enige party behoort nie. Ek wil in alle nederigheid en met die oog op die toekoms aan die hand gee dat daardie eenheid waarom ons almal bid, die gees moet dra van 'n volksbeweging en nie dié van die ou partyname nie, want dan loop dit maar weer op partyskap af. Wat dink u van die naam „DIE AFRIKANERVOLKSBOND," of enige ander paslike naam?

As dit gebeur, sal daar 'n spontane nuwe gees in die geledere van die Afrikanerdom ontstaan. Daar sal 'n nuwe beweging met 'n nuwe gees gebore word, weg van die ou twiste en geskille. Ek is oortuig dat ons langs hierdie weg bymekaar sal bring wat bymekaar hoort. Daar is ook baie Verenigde Partymense wat so 'n nuwe beweging sal verwelkom.

## Kinders Verslaaf Aan Verdowings-Middels

**Dr. Victor H. Vogel, 'n deskundige op openbare gesondheid, het die Amerikaanse Senaat se komitee wat ondersoek instel na misdadigheid in Washington meegedeel dat die land te staan gekom het voor 'n epidemie van verslaafdheid aan verdowingsmiddels onder tienderjariges. Die toelating van kinders na federale inrigtings vir behandeling weens verslaafdheid aan verdowingsmiddels het tussen 1947 en 1950 twintigvoudig gestyg.**

Dr. Vogel het gesê dat agt uit elke tien jong pasiënte wat hy behandel het, baie soorte misdade gepleeg het ten einde van tien tot twintig dollar per dag in die hande te kry om vir hulle verdowingsmiddels te betaal.

Op 7 Junie (wat as 'n normale dag beskou kan word), is 158 persone onder die leeftyd van 21 jaar in die twee betrokke vername Amerikaanse hospitale weens verslaafdheid aan verdowingsmiddels behandel. Onder hulle was negentien 17-jariges en vyf 16-jariges. Negentien van hulle was dogters.

## End van Oue, Begin van Nuwe

**„Hierdie dae mag die laaste wees van 'n sterwende beskawing of die begin van 'n nuwe," het Otto Sperling, die Berlynse redakteur van Das Freie Wort gesê toe hy die wêreldkonferensie insake morele herbewapening in Michigan toegespreek het.**

Hy het gesê dat die wêreld agter die ystergordyn nie so sterk is as wat dit lyk nie. Wie werklike sterkte, het hy gesê, is die swakheid van die westerse demokrasieë. Hy het voorspel dat morele herbewapening 'n hoofpyn aan die Kremlin sal besorg.

## Vra Morele Maatstawwe

**Absolute en hegte morele maatstawwe is die weste se enigste praktiese antwoord aan die Kommunisme, het Ernst Scharnowski, voorsitter van die Berlynse vakbondfederasie, op die wêreldvergadering van die morele herbewapening gesê.**

Hy het gesê dat die mense in die Russiese gebied honger mag kry, „maar hulle het 'n ideologie. Ons beleid skiet tekort aan basiese, absolute moraliteit.

„Magsgierigheid, skynheiligheid, sensasionalisme en sagtheid sal die Kommunisme nooit verander nie. Ons moet absolute en stewige morele maatstawe hê."

Scharnowski het gesê dat die enigste manier om die „kruipende verlamming van die Kommunisme" uit te wis, die toepassing van die vier maatstawwe van die morele herbewapeningsprogram is — „eerlikheid, reinheid, liefde en onselfsugtigheid" moet toegepas word op die persoonlike en nasionale lewe.

## Die Neger se Las

**Segregasie is die las van die neger en die skandvlek van die Amerikaanse volk, het dr. Ralph Bunche, bekende Amerikaanse diplomaat en negerleier op 'n vergadering in Atlanta in die suidelike state gesê. Tweedegraadse burgerskap vir die neger moet weg, het hy uitgeroep. Dit is teenstrydig met die demokrasie.**

Hy het gesê dat segregasie afgedwing is deur intimidasie. Hierdie intimidasie het sy oorsprong by mense wat die rasseprobleem wou uitbuit vir hul eie politieke en ekonomiese voordeel.

Voortgaande het hy gesê dat sommige mense sy woorde mag bestempel as die praatjies van 'n „damn black yankee," maar hy voel verplig om oor die negerprobleem te praat omdat dit die land se dringendste huishoudelike probleem is en omdat hy 'n neger is.

Bunche is na die vergadering onder polisiebeskerming na die lughawe geneem.

## Wil Bloed Suiwer Hou

**Die skerpsinnigste verklaring wat in die jongste tye gedoen is, is afkomstig van biskop Barnes van Birmingham, skryf White Africa.**

Die biskop het gesê dat dit noodsaaklik is vir alle lande, soos Brittanje, om bloedvermenging met minderwaardige rasse stop te sit. Die Britte begin voel dat die toestroming van mense van ander rasse na Brittanje ingekort moet word.

White Africa sê dat die biskop se sienswyse „apartheid" is want apartheid is wesenlik 'n antropologiese aangeleentheid. Sonder segregasie, geboortebeperking, en vermyding van huwelike deur epileptici en aanverwantes, is nie alleen die hele suidelike Afrika nie maar ook die Britse volke tot ondergang gedoem.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## DIE O.B. GELUKGEWENS

**Mnr. F. W. Burnett, Port Elizabeth, skryf:**

Laat my toe om u geluk te wens, veral met u uitgawe van 20 Junie. Kyk, dit was nou sommer vir jou 'n bommeksim daardie!

Hoe lyk dit, kan daar nie 'n plan beraam word om so af en toe u inleidingsartikel, neef Sybrand se artikels, en veral ons geliefde A.K.G. se herinneringe in pamfletvorm uit te gee nie? Elke kommando kan dan 'n paar honderd pamflette in bepaalde areas versprei. Wat doen u aan die hand?

Intussen verdubbel ek my gesinsbydrae tot ons Organisasiefonds.

Vir God, Volk en Vaderland.

(U brief is aan die sekretaris van Voorslag (Edms.) Bpk. oorhandig.—Red.)

## Godsdiens-Vervolging

Volgens Vatikaanse statistieke woon daar 5,000,000 katolieke in kommunistiese lande agter die ystergordyn. 11,000 Priesters was reeds die slagoffers van wrede kommunistiese vervolging. In Rusland, Littaue, Roemenië en Noord-Korea, is al die biskoppe in die tronk gesmyt of verban. Talle is in die tronke dood.

# „Juweeltjies' uit Hansard: Dit Was Toe Nie Gesê Nie!

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

MNR. OLIVIER: Die agb. lid vir Hospitaal (mnr. Barlow) vra by wyse van tussenwerpsels wat die agb. lid wat nou net gaan sit het, gesê het. Ek wil in die eerste plek baie sterk eksepsie neem teen die bietjie wat hy gesê het. Ons laak dit aan hierdie kant van die Raad dat die agb. lid vir Alberton (mnr. S. J. M. Steyn) die vermetelheid gehad het, in antwoord op 'n tussenwerpsel van een van die lede aan daardie kant wat die tussenwerpsel gemaak het, dat die Minister van Binnelandse Sake nie sy toespraak sal verander nie, om daarop te sê: O nee, hy sal dit nie doen nie.

MNR. S. J. M. STEYN: Natuurlik sal hy nie.

MNR. OLIVIER: Ons kry hierdie soort politieke skynheiligheid van hulle terwyl daardie agb. lid weet hoedat sy eie kant en vooraanstaande lede aan daardie kant heengaan en hulle toesprake verander.

MNR. LAWRENCE: Wat het dit te doen met die wetsontwerp?

MNR. OLIVIER: Hulle trek hierdie mantel van regverdigheid aan terwyl hulle weet dat vooraanstaande lede aan hulle kant hulle toesprake verander.

MNR. LAWRENCE: Ek wil u vra, mnr. die Voorsitter, op 'n punt van orde of die agb. lid vir Kuruman (mnr. Olivier) geregtig is om te beweer dat lede aan hierdie kant van die Raad — „vooraanstaande lede" — hulle Hansard-verslae verander het in stryd met die reëls van die Huis.

DIE MINISTER VAN LANDE: Hy het dit nie gesê nie.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Hulle het dit ook gedoen.

DIE MINISTER VAN LANDE: Mag ek u daarop attent maak dat die agb. lid vir Kuruman nie die laaste sin gebesig het wat die agb. lid hom ten laste lê nie, nl. „in stryd met die reëls van die Huis." Al wat hy gesê het is dat vooraanstaande lede aan die anderkant hulle toesprake verander.

'N AGB. LID: Dit is die insinuasie.

DIE MINISTER VAN LANDE: Ek het nou nie met insinuasie te doen nie. Ek het alleen te doen met die werklike woorde. Die agb. lid vir Kuruman het nie daardie woorde gebesig nie.

MNR. OLIVIER: Uit hierdie voorval kan u 'n begrip kry van die politieke skynheiligheid wat ons aan daardie kant kry. Hulle wil die indruk in hierdie Huis skep dat alleen lede aan hierdie kant en by name die Minister sy toesprake kan verander, maar hulle kan dit nie doen nie.

MNR. LAWRENCE: Onsin; hy het dit nie beweer nie.

MNR. OLIVIER: Ons wil daardie agb. lede wat daardie skynheilige mantel aantrek, vra om nie in glashuise te woon wanneer hulle met klippe gooi nie.

DIE VOORSITTER: Orde! Die agb. lid moet nou by die klousule kom.

MNR. OLIVIER: As u my 'n kans sal gee om te praat onder die gebrom en die geraas wat hier kom van die agb. lid vir Hospitaal, sal ek aangaan, en as u my 'n kans sal gee om te antwoord op die vorige spreker, dan sal ek by die klousule kom, as hulle by die klousule was. As ons geluister het na al die lede wat aan die oorkant gepraat het, vandat die Minister gepraat het, en veral wanneer ons kom by die agb. lid vir Soutrivier (mnr. Lawrence) dan kan ons hom nog 'n bynaam gee by al die byname wat hy reeds het, en dit is Harry the Pretender, want hier kom die lede, insluitende die laaste lid wat daar gepraat het, en hulle lê die agb. Minister van Binnelandse Sake sekere woorde in die mond.

MNR. S. J. M. STEYN: Nooit.

MNR. OLIVIER: Hulle sê wat hy dan sou gesê het, nl. dat die volle beleid van die Nasionale Party is dat die Kleurlingverteenwoordigers in hierdie Raad ook verwyder moet word.

MNR. V. G. F. SOLOMON: Hy het dit gesê.

MNR. LAWRENCE: Dit was 'n dreigement.

MNR. ROBINSON: Mag ek u 'n vraag stel.

DIE VOORSITTER: Orde! orde!

MNR. OLIVIER: Die agb. lede kom hier en sit poppe op sodat hulle daardie poppe self kan omgooi. As hulle ore het en as hulle geluister het, dan sou hulle gehoor het wat die agb. Minister werklik gesê het. Hy het die agb. lid vir Oostelike Kaap (mev. Ballinger) oor die kole gehaal oor haar optrede in die Raad en die optrede van haar kollegas, en hy het aan hulle gesê . . . .

MAJ. VAN DER BYL: Wat het hy gesê?

MNR. OLIVIER: . . . en ek beaam honderd persent wat die Minister gesê het, dat as individue in hierdie Raad kom en hulle bepleit ideologieë, soos een van hul kollegas wat bekend staan as 'n kommunis, dan sal hulle moet gaan. (Tussenwerpsels).

DIE VOORSITTER: Orde! orde! Ek wil agb. lede vra om hulle asseblief te beteuel. Daar is net een persoon wat die reg het om te praat. Die ander moet stilsit en luister.

MNR. OLIVIER: Ek sê ek beaam 100 persent wat die Minister gesê het.

MNR. BARLOW: (Onhoorbaar).

MNR. VAN DEN BERG: Op 'n punt van orde, ek maak beswaar daarteen dat die agb. lid vir Hospitaal, onmiddellik nadat u 'n reëling gegee het, weer begin met sy tussenwerpsels. Ek dring daarop aan dat u reëling gehandhaaf sal word in hierdie Huis.

## Baie Tyd Gemors Soos Gewoonlik

Die volgende juweeltjie van 'n waarheid verskyn in Hansard van 15 Mei jongslede:

„Mnr. Higgerty: Mnr. die Speaker, die agb. Eerste Minister het 'n paar opmerkings gemaak wat nie maklik verstaanbaar is nie. In die eerste plaas het hy gesê dat die Parlement nou met sy werk moet begin. Ek wonder wat hy meen die Parlement gedoen het — die Regering gedoen het? Dit is kommentaar op die wetgewing wat sy eie Regering deur die Raad geloods het, as dit nie werk was nie.

„Die Minister van Finansies: Ons het werk gedoen, **maar ons het soos gewoonlik baie tyd gemors."**

## EENHEID SAL EUROPA RED

**Generaal Eisenhower het in Londen verklaar dat Europese eenheid 'n noodsaaklike voorwaarde vir Europese veiligheid is.** Hy het gesê dat dit moeilik sal wees om die voordele te oorskat wat die volke van die Noord-Atlantiese Verbond in die skoot sal val, wanneer Europa in der waarheid 'n eenheid is. Dit is baie gevaarlik, het hy gesê, om die oë te sluit vir die skeidsmure wat Europa afhok.

Mnr. Churchill het gesê dat die eenheid en eendersheid van die Engelssprekende volke in die wêreld bo alle twyfel verhewe is. Moenie vir ons onderskat nie, het hy betoog. As ons verenig is dan hoef ons vir niks bang te wees nie. Sy standpunt is dat dit die Engelssprekende volke se taak is om die vereniging van Europa te bewerkstellig.

**In Europa glo die mense egter, dat dit die nie-Engelssprekende volke van Europa is wat Europese eenheid moet bewerkstellig — in hul eie belang!**

## Dubbele Lojaliteit Bepleit

Die Joodse staat Israel verkeer in ernstige ekonomiese spanning, het die besoekende rabbi Abba Hillel Silver in Kaapstad verklaar. Daar is inflasie en 'n dollartekort. Die toets is of Israel ekonomies behoue kan bly. Die Jode is verspreiding moet hulp verleen.

Israel is nie bang vir oorlog nie, maar vir ekonomiese ineenstorting. Die rabbi het die Jode van Suid-Afrika aangemoedig om hul geld in hul land Israel te belê.


**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEë**

**VAKATURES: KONSTABELS, S.A.S.-POLISIE**

Aansoeke van kandidate om aanstelling in bogenoemde vakatures word ingewag. Applikante moet:

(1) Tussen 18 en 35 jaar oud wees. Applikante onder 21 jaar moet die skriftelike toestemming van hul ouers of voogde verkry om by die Mag aan te sluit.

(2) Ongetroud of wewenaars sonder kinders wees.

(3) Minstens 5 vt. 8 dm. in hul sokkies staan en 'n borsmaat van 36 dm. hê.

(4) Liggaamlik geskik wees vir polisiediens.

(5) (a) Suid-Afrikaanse burgers wees, of
(b) burgers van ander Statebondslande of die Republiek Ierland wees en minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Suksesvolle kandidate moet so spoedig doenlik na hul aanstelling in die Mag, 'n opleidingskursus van ses maande by die Spoorwegkollege, Kroonstad, deurmaak.

Die aanvang- en maksimum-loonskale van toepassing op konstabels is onderskeidelik £20 15s. en £33 10s. per maand plus duurtetoeslag volgens die skaal van toepassing op staatsdienare, uniforms, ens.

Voorsiening is ook gemaak vir aantreklike voordele ten opsigte van pensioene, geneeskundige dienste, reisgeriewe en verlof.

Aansoeke met volledige besonderhede van ouderdom, opleiding en ondervinding moet aan die Hoofsuperintendent van Polisie, S.A.S., Nataid-gebou, Pleinstraat 14, Johannesburg, of aan die Bevelvoerende Offisiere, Spoorwegpolisie, by die verskeie afdelingskantore, gerig word.

D. H. C. DU PLESSIS,
Waarn. Hoofbestuurder.



*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

**● Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**
*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**
*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..............................................
ADRES: ..............................................
..............................................

*Beroep:* .................. *Ouderdom volgende Verjaarsdag* ...... C2

# Pienk Britse Diplomate Wat Rooi Geword Het

## Blad Eis Suiwering

**Volgens oorsese berigte spog kommunistiese propagandamakers in Europa openlik daarmee dat die twee vermiste Britse diplomate Donald Maclean en Guy Burgess, veilig agter die ystergordyn is en dat hulle eersdaags daarvandaan sal uitsaai na die weste om die mense te waarsku „teen die beleid van die westerse moondhede wat oorlogsaanhitsing is." Die Franse polisie het aangekondig dat Maclean en Burgess teen die end van Mei in Parys aangekom het en in die kantoor van die Tjeggo-Slowaakse gesantskap ontvang is.**

Die Britse blad UNION, mondstuk van die Engelse volksbeweging, skryf dat as die gevolgtrekkings wat in die Britse pers gelug is, waar is, dan ly dit geen twyfel nie dat die verdwyning van die twee diplomate 'n baie ernstiger skandaal is as die verraad van Emil Fuchs of Bruno Pontecorvo. Dit is baie waarskynlik dat die Russe die geheim om die atoombom te vervaardig alreeds verneem het van die Duitse wetenskaplikes wat hulle gevange weggevoer het; maar die suspisie dat al die diplomatieke mededelings tussen Washington en Whitehall voortdurend aan die Kremlin bekend gemaak was, veronderstel 'n baie gevaarlike situasie, en dit mag die oorsaak wees waarom die westerse moondhede, sedert 1945, keer op keer deur Sowjet-Rusland, ten aansien van buitelandse politiek, uitoorlê is.

### PIENK KLIEK

Wie is verantwoordelik, vra die blad, vir die vernederende omstandigheid dat jong manne in die diplomatieke diens, wat 'n uitstekende opvoeding geniet het en uit ordentlike families kom, beskou mag word as omkoopbaar deur ons kwaaiste vyande? Die blad sê hy plaas die blaam waar dit tuishoort—vierkantig op die skouers van Anthony Eden en die res van die „pienk kliek" wat in die negentien-dertiger jare 'n byna volkome monopolie oor die Britse Foreign Office verkry het.

Hy stel nie soseer belang in die leiers nie, want hulle het oënskynlik hul dwaasheid agtergekom gedurende die jare van bloed en trane wat verby is, maar hy is besorg oor hulle slagoffers en handlangers in die Foreign Office en die diplomatieke diens wat nou onder die verdenking staan dat hulle oorgeloop het na die kommuniste.

### LANDSBELANGE BESPOT

Dit is nie verbasend dat hulle so 'n stap kon gedoen het nie, want jarelank het hulle hoofde hulle geleer dat dit bespottenswaardig is om te praat van die belange van Brittanje; dat die hulpbronne van Brittanje en sy Empire, inteendeel, aangewend moet word vir die „verdediging van die demokrasie" en vir die „ontwikkeling van die mensdom" teen „reaksionêre fasciste" en ander denkbeeldige „gedrogte."

Dit mag wees dat Eden hierdie stories verkondig het met sy tong in sy kies, maar hoe moes sy ondergeskiktes dit weet? Nadat die belange van Brittanje as grondslag van die buitelandse beleid verwerp is, is hierdie mannetjies in 'n onmoontlike posisie geplaas toe hulle vir hulleself moes bepaal watter van die twee na-oorlogse wêreldmagte die „progressiewe" is: Sowjet-Kommunisme of Amerikaanse Kapitalisme.

As boonop in aanmerking geneem word, gaan die blad voort, watter omvangryke invloed die leerstelling van Marx in ons land se skole en universiteite verkry het, dan is dit verstaanbaar dat die keuse selfs vir die beste jong manne moeilik is en is dit heeltemal te begrype dat sommige Sowjet kommunisme kon gekies het.

### TOTALE AFDANKING

**Wat moet nou gedoen word? Die blad meen dat daar net een oplossing is — hoe drasties dit ookal mag klink. Elke „pienkgesinde" moet afgedank word uit die diplomatieke diens van die land. Hulle moet vervang word met persone wat in staat is om die belange van Brittanje eerste te stel sowel as die belange van 'n vrye Europa, waarsonder Brittanje onmoontlik sal kan voortbestaan.**

'n Amptenaar, wat, soos Burgess, die stuipe wil kry by die blote gedagte aan 'n bondgenootskap met Franco se Spanje, in belang van die verdediging van Europa, behoort nie deur die Foreign Office in diens geneem te word nie. Iemand, wie se eerste reaksie is om die herrysenis van sterk anti-kommunistiese kragte in Europa te onderdruk, onder die voorwendmagte is, is 'n potensiële versel dat dit nuwe fascistiese raaier wat sy persoonlike vooroordele nie ondergeskik kan stel aan sy land se belange nie.

**Die blad sluit af met die verwyt dat Eden se „pienkes" oënskynlik Stalin se „rooies" geword het.**

# FEDERASIE BESTRY

**Dit is onredelik om te dink dat die enigste alternatiewe vir federasie, aansluiting na die noorde of na die suide is, het mnr. R. O. Stockil, leier van die Suid-Rhodesiese opposisieparty op sy party se jaarkongres gesê.**

Hy is daarvan oortuig dat niks die totstandkoming van 'n Suid-Rhodesiese dominium verhinder nie. Dit is nie net in belang van Suid-Rhodesië nie, maar ook in belang van die behoud van Britse invloed in Afrika. Suid-Afrika sal geen moeilikheid maak nie. Inteendeel hy sal 'n sterk dominium in die noorde verwelkom wat 'n bevolking het met dieselfde uitkyk as die Suid-Afrikaners.

Hy het voorspel dat Suid-Afrika die federasie van Suid- en Noord-Rhodesië en Niassaland sal teenstaan uit vrees vir die invloed van die noordelike gebiede.

# VREDE MET DUITSLAND

**Nadat hy twaalf jaar lank in oorlog met Duitsland verkeer het, het Suid-Afrika eergister, in geselskap van Amerika, Frankryk en Engeland, vrede gesluit met die hele Duitsland, by wyse van 'n formele aankondiging dat daar voortaan vrede tussen die lande sal wees.**

Diplomatieke betrekkinge tussen Suid-Afrika en Duitsland sal derhalwe nou hervat kan word.

Die vredesluiting was 'n afsonderlike stap deurdat die Russiese bondgenoot nie daarin geken is nie.

Suid-Afrika verkeer nog in oorlog met Japan.

# KERK SORG VIR SY JEUG

**'n Nuwe Kerkjeugvereniging van die vier gefedereerde Afrikaanse kerke is verlede week gestig. Die Christelike Strewersunie en die C.J.V. is albei ontbind en in die nuwe vereniging opgeneem.**

Ds. H. J. C. Snyders, 'n hoofbestuurslid van die nuwe vereniging, het verklaar dat sestig persent van die kerk se ledetal jong mense van dertig jaar en minder is. Die helfte van hulle woon in die nege groot stede waar hulle aan ernstige gevare blootgestel is. Slegs 38,000 van die meer as 200,000 jong lede tussen 16 en 33 jaar het behoort aan die verenigings wat dusver vir hulle bestaan het.

# VIR WAARHEID NA TRONK GESTUUR

**Die kommunistiese bewindvoerders van Tjeggo-Slowakye het William Oatis, 'n Amerikaner en korrespondent van Associated Press in Praag tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis op 'n valse aanklag van spioenasie. Oatis het kastig skuld beken.**

Hy is die eerste westerse koerantman wat die kommuniste onder voorwendsel van spioenasie in die tronk gestop het omdat hy dit gewaag het om die eenvoudige waarheid te vertel omtrent wat agter die ystergordyn aangaan.

### BANG VIR WAARHEID

Die Amerikaanse departement van buitelandse sake verklaar dat Oatis gevonnis is om westerse koerantmanne agter die ystergordyn te intimideer met die doel om vrye en juiste beriggewing te ondermyn. Oatis se misdaad was dat hy die waarheid berig het.

Voortgaande lui die verklaring dat die maandelange aanhouding in die tronk sonder aanklag of verhoor; die valse aanklag en die skulderkenning wat eindelik afgedwing is; en die skandalige vonnis wat gefel is die treffendste bewys is dat die kommunistiese regering van Tjeggo-Slowakye bang is vir die waarheid; die vryheid haat; en die geregtigheid vermy.

# VREDE IN KOREA VERMINDER NIE RUSSIESE GEVAAR

**Nadat die Koreaanse oorlog vir 'n jaar gewoed het, het die Russiese agressor voorgestel dat vyandelikhede gestaak moet word. Die Verenigde Volke het met verwondering en agterdog die kommuniste se voorstel aangehoor, maar hulle het hulle nietemin ten gunste van 'n wapenstilstand verklaar.**

Jakob Malik, die Russiese verteenwoordiger in die V.V.O., het die eerste te kenne gegee dat die kommuniste die oorlog wil staak deur in 'n radiotoespraak in die Verenigde State te sê dat die tyd nou ryp is vir 'n wapenstilstand. Die verbaasde Amerikaners en V.V.O.-mense het in die Kremlin gaan vra wat die toespraak beteken en die antwoord was dat die V.V.O.-bevelvoerder in Korea met die Noord-Koreaanse en Chinese bevelvoerders vredesonderhandelinge moet aanknoop. Die Russiese agressor sal nie self met die V.V.O. onderhandel nie — sy handlangers sal dit doen.

### VREDESONDERHANDELINGE

Genl. Ridgeway, die Amerikaanse generaal wat die opperbevelhebber van die V.V.O.-magte in Korea is, het dadelik 'n vredesaanbod aan sy oorlogsteenstanders gedoen, en voorgestel dat samesprekinge op die Deense hospitaalskip Jutlandia gehou moet word. Kim Ilsoeng en Peng Tehhoeai, bevelvoerders van die Noord-Koreaanse magte en die Chinese „vrywilligger"-leërs het sy aanbod „om samesprekinge te hou oor die staking van militêre aksie en die verkryging van vrede" aanvaar, maar dan moet dit tussen 10 en 15 Julie in Kaesong, 'n verinneweerde stad, op die 38ste breedtegraad gehou word.


Genl. Ridgeway het ja gesê en nou wag die wêreld om te sien wat gaan uitbroei.

### WÊRELDHEERSKAPPY

In die tyssentyd het president Harry Truman sommer reguit gepraat. Hy het gesê dat dit nog gladnie 'n uitgemaakte saak is of die kommuniste regtig vrede in Korea verlang nie. Die Amerikaners sal derhalwe wakker loop. **Hy het voorts gesê dat al word vrede gesluit in Korea sal die grootste bedreiging vir wêreldvrede nog bly voortbestaan — nl. die geweldige gewapende magte van Sowjet-Rusland.**

Daarom sal die Amerikaners voortgaan, saam met sy bondgenote, om te bewapen en te bou ten einde met „waarheid en geregtigheid" die pogings van die kommuniste te verydel om wêreldheerskappy te verower deur middel van „leuens, dreigemente en ondermyning."

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret




G1-3062-AF